Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

29 Mei 2026

**NUUSBRIEF 19/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskool Sport:** Ons **o.13A-netbalspan** het deurgedring na die **2026 Cape Winelands Schools Championship** wat hierdie naweek in Stellenbosch plaasvind. Ons is ongelooflik trots op julle prestasie en wens elke dogter en hulle afrigter alle sterkte toe vir die toernooi. Speel met passie, geniet elke oomblik en onthou dat julle reeds wenners is.

   Baie geluk aan **Luan du Toit** wat gekies is vir die **Boland o.13A Cravenweek span**. Dit is regtig 'n besonderse prestasie en ons is ongelooflik trots op jou.

2. **Hoërskool Sport:** **Anronette Basjan** is gekies vir die **Kaapse Wynlandnetbalspan** wat **15-18 Julie** aan die Wes-Kaapse interdistrikstoernooi in Bredasdorp gaan deelneem. Baie geluk, Anronette. Ons is trots op jou!

   Na afloop van die ligawedstryde is die **o.14A-netbalspan** ligawenners. Hulle speel op **22 Augustus** in die Kaapse Wynland-finaal in Worcester. Baie geluk aan juffrou Viljoen en haar span. Ons is trots op julle.

3. **Wintersdrag:** Ouers moet asb. toesien dat u kind(ers) korrek geklee is volgens ons skool se wintersdrag-reëls. Dit is deel van skooltrots om 'n netjiese uniform te dra. Leerders moet ook in die dorp netjies wees en ons beeld uitdra.

4. **Akademie:** Die eksamen is nou op ons! Ouers moet asb. ondersteun, motiveer en toesien dat ons leerders nou hard werk vir die eksamen. Gee spesiaal aandag aan die vakke waarin jy voorheen nie so goed gevaar het nie. Leerders kan gerus ook naweke gebruik en vooruit beplan vir dae wanneer daar te min tyd is om al die werk baas te raak. Ons Graad 12's skryf hierdie eksamen departementele vraestelle.

5. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 29 Mei | Gr.10 & gr.11 eksamen begin |
| Sa. 30 Mei | Landloop te Stellenbosch - Interdistrik |
| Di. 2 Jun | Gr.8 & gr.9 eksamen begin |
| Vr. 5 Jun | Gr.7 eksamen begin |
| Ma. 8 Jun | Gr.4 – gr.6 eksamen begin |
| Di. 23 Jun | Klub 100 funksie |
| So. 31 Mei | Juf. Viljoen verjaar |
| Vr. 26 Jun | Skole sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

"Daar is geen geheime vir sukses nie. Dit is die resultaat van voorbereiding, harde werk en om uit mislukking te leer."
-Colin Powell-






Rugby- en Netbaluitslae

# Swellendam Sportdag - 23 Mei 2026

| Netbal | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **SPAN** | **TEEN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 A | Het nie telling gehou nie. | | | |
| 7 B | | | | |
| 8 A | Het nie telling gehou nie. | | | |
| 8 B | | | | |
| 9 A | LS Swellendam | 10 | 0 | W |
| | Bertie Barnard | 17 | 1 | W |
| 9 B | Volschenk | 3 | 4 | V |
| | Rûens Kollege | 2 | 7 | V |
| | LS Swellendam | 4 | 1 | W |
| 10 A | LS Montagu | 7 | 10 | V |
| | Worcester-Oos | 5 | 9 | V |
| 10 B | HS Heidelberg | 4 | 4 | G |
| | LS Montagu | 1 | 2 | V |
| 11 A | LS Swellendam | 3 | 9 | V |
| | Worcester-Oos | 1 | 5 | V |
| | Bontebok Primêr | 5 | 5 | G |
| 11 B | LS Montagu | 1 | 9 | V |
| | George-Suid | 2 | 5 | V |
| 12 A | LS Swellendam | 3 | 5 | V |
| | LS Montagu | 5 | 16 | V |
| | George-Suid | 9 | 11 | V |
| | Volschenk | 8 | 11 | V |
| 12 B | VRT Pitt A-span | 4 | 11 | V |
| | HS Heidelberg | 3 | 9 | V |
| | Volschenk | 3 | 10 | V |
| 13 A | Volschenk | 6 | 8 | V |
| | LS Montagu | 7 | 9 | V |
| | Worcester-Oos | 9 | 11 | V |
| 13 B | Geroge-Suid | 1 | 16 | V |
| | LS Montagu | 8 | 9 | V |
| | Rûens Kollege A-span | 4 | 18 | V |

| Rugby | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **SPAN** | **TEEN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 | LS Swellendam | 0 | 3 | V |
| | Bontebok Primêr | 3 | 1 | W |
| | VRT Pitt | 2 | 0 | W |
| 8 | LS Swellendam A-span | 2 | 2 | G |
| | Bontebok Primêr | 3 | 5 | V |
| | LS Swellendam B-span | 11 | 3 | W |
| 9 | VRT Pitt | 0 | 6 | V |
| | Bontebok Primêr | 5 | 1 | W |
| | LS Swellendam | 1 | 7 | V |
| 11 A | Bontebok Primêr | 0 | 0 | G |
| | LS Swellendam | 15 | 5 | W |
| | LS Buffeljagsrivier | 5 | 5 | G |
| 11 B | Volschenk | 0 | 0 | G |
| | LS Montagu | 5 | 5 | G |
| | LS Swellendam | 10 | 5 | W |
| 13 | Bontebok Primêr | 0 | 15 | V |
| | LS Buffeljagsrivier | 5 | 10 | V |
| | VRT Pitt | 0 | 5 | V |

# Hoërskool Montana - 23 Mei 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| o.14A | 9 | 20 | V |
| o.14B | 14 | 6 | W |
| o.15A | 13 | 12 | W |
| o.16A | 15 | 7 | W |
| o.17A | 6 | 17 | V |
| o.19A | 20 | 38 | V |
| o.19B | 15 | 11 | W |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| o.15 | 29 | 17 | W |
| o.17 | 38 | 12 | W |
| o.19 | 22 | 17 | V |